

Sing vooraf staande: Psalm 73:7 (p. 368)

- 7 Maar nou, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander liggans teë; / ek sien hul end . . . dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 40:4 (p. 205).

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 146:8 (p. 701)

- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Skriflesing: Openbaring 1

Teks: **Openbaring 1:7**

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, Amen! (Openbaring 1:7 AFR1953)

Ons is gelowiges wat nie die wederkoms van die Here uit die oog verloor nie.

- Die bedoeling van hierdie brief aan die sewe gemeentes is om ons weer op te skerp om te besef dat die Here kom.
- Daarom moet die wederkoms van die Here 'n bepaalde plek in ons geloofslêwe hê, en moet ons met 'n bepaalde verwagting daarvoor lêwe.

Die waarheid is dat die oomblik wanneer die Here verskyn, die ware gelowiges die grootste blydskap gaan beleef, en die ongelowiges gaan verstik van vrees.

- Die feit is bloot: Die Here kom!
- En nog 'n feit is dat ons geloofslewe elke oomblik so op die merk moet wees dat ons gereed is as die Here kom.

Kom ons kyk na hierdie brief uit die volgende hoeke:

1. Wie is die Here wat kom?

2. Wat gebeur wanneer die Here kom?

1. Wie is die Here wat kom?

Hy is God wat genade gee aan sy gemeentes. In hierdie gedeelte in die Bybel word 'n baie belangrike beskrywing van die Here gegee: Hy **wat is en wat was en wat kom**.

Hierdie beskrywing moet opgebreek word in twee dele:

- Hy was is en wat was.
- Hy wat kom.

U hoor baie duidelik dat die Here Homself hier bekendstel met dieselfde woorde as waarmee Hy Hom aan Moses bekendgestel het:

En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. (Eksodus 3:14 AFR1953)

In hierdie bekendstelling van die Here dat Hy is en was, het ons duidelik 'n sinspeling daarop dat Hy die God van die Verbond is.

- In die woorde “en wat kom” dui die Here vir sy kerk aan dat Hy nie 'n verbond met sy kerk gesluit het en toe daarvan vergeet het nie.
- Die beloftes van sy genadeverbond is besig om in vervulling te gaan, en Hy kom om dit met die volmaakte af te rond.
- Hy toon met hierdie woorde die voortgang van sy werk aan: Hy kom, onkeerbaar in sy krag!

Die woorde “wat is en wat was en wat kom” dui dus die wese van die Here aan: Dit beskryf God die Almagtige in sy krag, en in die vervulling van sy verlossingsbelofte oor sy uitverkorenes.

Die woorde dui verder aan dat God onveranderlik is: Hy is nog steeds wat Hy altyd was!

- Die God van die Nuwe Testament is dieselfde as die God van die Ou Testament.
- Hierdie woorde openbaar ook die finaliteit van God se genade en van sy oordeel: Hy kom in sy heerlijkheid! Hy gaan sy genade 'n volmaakte werklikheid maak oor die gelowiges. Maar terselfdertyd gaan Hy sy dreiging en oordeel beslis en afgemete uitvoer oor die wat Hom verwerp en gehaat het.

Saamgevat: Die Here van die toekoms is ook die Here van die verlede.

- Hy is die Hoof van sy kerk, wat sy kerk hier seën en wat aanstons al sy weldade oor sy kerk gaan openbaar.
- Hy het Hom in die verlede al bewys in sy almag, en Hy gaan dit in die toekoms ook doen.
- Die Here het nêrens sy houvas en sy krag oor die voortgang van die geskiedenis verloor nie.

Die Here is die Bron van ons voortbestaan in die tyd en in die ewigheid.

- Die sewe Geeste waarvan hier sprake is, is die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees is nie werkloos in die kerk in die laaste tye nie.
- Die Heilige Gees word hier geopenbaar in sy werking in die gemeente van die Here:
 - Hy bewerk die genade en vrede wat die Vader beskik het en wat deur die Seun 'n werklikheid gemaak is in die kerk.

Dan word die Naam van die Seun ook bygevoeg.

- Daar is 'n lang beskrywing in vers 5 van wie die Seun is, maar die doel van die hele beskrywing is om aan te toon hoe die Seun die verlossing bewerk in die kerk.
- Jesus is die Getroue Getuie.
- Hy het getrou die raad en Woord van God meegedeel aan die kerk. Hy het dit ook beseël met sy dood.

Hy is verder die Eersgeborene uit die dood: Hy het nie in die dood gebly nie.

- Hy is die eerste Een wat uit die dood uit opgestaan het.
- Hy oefen nou heerskappy uit oor die dood, daarom word die Seun die Owerste van die konings genoem.
- Selfs die allerhoogstes in die hemele en op die aarde moet voor Jesus buig.

Dan word die verhouding beskryf tussen ons en die Drie-Enige Here: Hy het ons konings en priesters vir God gemaak. Dit is hoe ons eerskomende Nagmaal aan die Here se tafel gaan aansit.

2. Wat gebeur wanneer die Here kom?

Hy gaan meteens in sy volle majesteit verskyn – in die luister van lig en heerlikheid en majesteit soos wat geen mens ooit beleef het, of hom kan indink nie.

- Elke oog gaan Hom sien.
- Die majesteit van die Here se wederkoms het sy strale ver vooruitgestuur: Johannes het dit al vir ons gesien en geboodskap.
- Die Here is in sy skitterende majesteit in aantog.

Maar daarom moet ons ook ernstig wees met hierdie saak! Is ons voorbereid op die koms van die Here?

Die Here kom in sy krag; in sy Drie-Eenheid.

- Hy gaan tyd en weerstand voor Hom weggee.
- Sy koms is een daad van oordeel en genade.

Daarom waarsku die Here ons: Ons gaan Hom almal sien.

- Ons en ook die wat al dood is.
- Ook dié wat die Here gekruisig het!
- U sal nie twyfel nie. Dit sal onmiskenbaar die Here wees.

Kyk na die genade:

- Die brief begin daarmee dat die Here sy genade en vrede oor die gelowiges uitspreek.
- U moet volhard in die geloof, want die genade en vrede van die Here is aan die kom.

Wanneer die Here self kom, is dit meteens 'n volmaakte werklikheid.

- U sal nie twyfel oor daardie oomblik nie.
- Dankbaarheid en vreugde sal u deurspoel, want elke oog sal die Here sien wanneer Hy verskyn: Die wat Hom gekruisig het, maar ook ons wat verlangend gewag het op sy koms.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:2 (33:2)

- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond
al die wonders ons onthul het / van die eewige vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum gepreek: 12 Februarie 2012
Gereformeerde Kerk Bellville – 1999
Mareeba Australië 23 Jan 2012